

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:9-11 (26:9-11)

- 9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teespoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed

Psalm 34:6, 7 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:16

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
(Eksodus 20:16 AFR53)

Tema: Hoe om beeld van God te wees wanneer dit kom by ons naaste se naam

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die negende gebod is die gebod waar elke liewe mens struikel. Jakobus het geskryf:

As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou. (Jakobus 3:2 AFR83)

Niemand van ons is volmaak nie. As ons volmaak was, was ons nie nou meer op hierdie aarde nie. En aangesien niemand volmaak is nie, gebeur dit met almal van ons dat ons met wat ons sê iemand anders skade aandoen.

Iemand kan sê: Maar ek lieg nooit nie. Alhoewel hierdie woorde vir baie mense miskien ongelooflik sal klink, is dit tog so dat daar Christene is wat so 'n weersin in leuens het dat jy hulle woorde altyd kan glo. Hulle sal selfs die waarheid tot hulle eie nadeel vertel. En dit is goed en reg. As Christene moet ons altyd die waarheid praat. Ons dra immers die Naam van Christus en Hy het altyd die waarheid gepraat.

Maar 'n mens hoef nie te lieg om jouself aan die negende gebod skuldig te maak nie. Selfs deur die waarheid te praat kan jy iemand anders se naam groot skade berokken. Met die waarheid is daar al in die geskiedenis mense se leuens in gevaar gestel en selfs onskuldige bloed vergiet. Doëg se optrede is 'n duidelike voorbeeld hiervan. Hy het aan Saul vertel dat die priester Agimelek aan Dawid padkos en die swaard van Goliath gegee het (1 Sam 22:9-10). Doëg het inderdaad die waarheid gepraat maar met 'n kwaadwillige gesindheid. En hierdie waarheid het tot gevolg gehad dat daar op die bevel van Saul vyf en tagtig priesters koelbloedig vermoor is (1 Sam 22:18). Hieruit kan ons alreeds die afleiding maak dat dit nie net oor die waarheid van die getuïenis – die waarheid van ons woorde – gaan nie, maar oor die waarheid van die getuie. Dit wil sê, hoe opreg is die een wat praat in sy hart.

Daar is voorheen al opgemerk dat die erns waarmee ons ons leuens inrig volgens die gebooe op die tweede tafel van die Tien Gebooe wys hoe ernstig ons is om die eerste vier gebooe ook te gehoorsaam. Dit is die geval omdat die eerste vier gebooe onmoontlik waterdig van die laaste ses gebooe geskei kan word. Die Here self sê op verskeie plekke in sy openbaring dat ons liefde vir Hom onderskei moet word van ons liefde vir ons naaste, maar dit kan nooit van mekaar geskei word nie. En in hierdie gebod sien ons nog duideliker hoe heg ons liefde vir God en ons liefde vir ons naaste aan mekaar verbind is. In die derde gebod beveel die Here ons om sy Naam te heilig deur dit net met ontsag te gebruik. In die negende gebod beveel die Here ons om ons naaste se naam te beskerm.

Broers, susters en kinders, om agter te kom hoe ons die beeld van God in ons gaan vertoon wanneer ons by die negende gebod kom, moet ons eers na die gebod self gaan kyk.

Jy mag geen valse getuïenis teen jou naaste spreek nie. (Eksodus 20:16 AFR53)

Die wyse waarop die Here hierdie gebod aan ons afkondig laat ons dadelik aan 'n hofsaak dink waar 'n mens getuïenis aflê. Die woord wat ons met *getuïenis* vertaal het inderdaad met regspraak te doen. In 'n hofsaak lewer jy getuïenis oor wat jy waargeneem het. En hierdie getuïenis kan ten gunste van die aangeklaagde wees of teen hom. In die negende gebod gaan dit dan hoofsaaklik oor getuïenis wat jy teen iemand gee. En wanneer 'n mens teen iemand getuig, is jy besig om die aanklag teen hom te ondersteun deur hom aan te kla in jou getuïenis.

Dat hierdie gebod aanvanklik betrekking gehad het op die regspraak word duidelik uit die omstandighede waarin Israel destyds was. In 'n hofsaak waarin iemand byvoorbeeld teregstaan op 'n aanklag van moord, was die getuïenis wat ander mense gelewer het van die uiterste belang om te bepaal of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is. Om die waarheid te sê was die getuïenis van ander mense die enigste getuïenis. Daar was nog nie iets soos DNS-toetse en allerhande gesofistikeerde forensiese bewyse wat in 'n hofsaak gelewer kon word nie.

Daarom is dit te verstane dat valse getuïenis in so 'n hofsaak skadelik vir jou naaste kan wees. Indien die valse getuïenis deurslaggewend in die hofsaak is, kan dit die naaste se lewe kos. Nabot was so 'n slagoffer van valse getuïenis wat teen hom gegee is. Omdat

Nabot nie sy erfgrond aan die koning wou gee in ruil vir ander grond nie, het die bese Isebel gesorg dat twee deugniete valse getuienis teen Nabot gee op 'n valse klag. Hierdie deugniete het valslik getuig dat Nabot vir God en die koning gevloek het. En op grond van hierdie twee se getuienis is Nabot uit die stad uit gevat en met klippe doodgegooi (1 Kon 21:13).

Afgesien daarvan dat iemand onskuldig gestraf word op grond van sulke valse getuienis teen hom, is daar nog drie verskriklike gevolge waaraan die een wat die valse getuienis gee nie gewoonlik dink nie. Met die valse getuienis word die uitoefening van die reg in die spesifieke geval ondermyn. Indien iemand onskuldig gestraf word vir die misdaad beteken dit dat die eintlike skuldige nog vry rondloop en na alle waarskynlikheid weer dieselfde misdaad sal pleeg omdat hy die eerste keer daarmee weggekome het. 'n Tweede gevolg is dat die gemeenskap die regstelsel nie meer vertrou nie. En wanneer 'n gemeenskap wantroue in die regstelsel het, sien hulle nie meer kans om misdade aan te meld nie, want hulle het nie die versekering dat daar billik opgetree sal word nie. En die derde gevolg wat hieruit voortspruit, is dat die gemeenskap reg in eie hande begin neem. Dan het die aangeklaagde nog minder die versekering dat hy 'n billike verhoor sal kry, want nou is daar nie meer beproefde regsreëls wat geld nie.

Hierdie genoemde nagevolge van valse getuienis laat 'n mens beseef dat die Here hierdie gebod nie gegee het net om ons naaste se naam alleen te beskerm nie. Hierdie gebod is afgekondig om die hele gemeenskap te beskerm. Die Here wil die hele gemeenskap beskerm deur die werklike skuldige persoon te straf en deur te keer dat die gemeenskap die reg in eie hande neem. Daarom het die Here ter beskerming van sy volk twee regsreëls gegee. Die eerste een: Iemand kan slegs skuldig bevind word aan 'n misdaad as daar twee of meer getuies is wie se getuienis met mekaar ooreenstem. En die tweede een: Iemand wat daaraan skuldig bevind word dat hy valse getuienis teen sy naaste gegee het, moet die straf kry vir die misdaad waarvan hy die ander persoon valslik beskuldig het (Deut 19:15-21).

Alhoewel hierdie gebod dan aanvanklik met die regspraak te doen gehad het, is dit nie al waaroor hierdie gebod gaan nie. Die Here gee self vir ons die betekenis van hierdie gebod wanneer Hy die volgende in Eksodus 23 openbaar:

Jy mag geen valse gerug rondstrooi nie. Verbind jou nie met die skuldige om 'n kwaadwillige getuie te wees nie, en: Hou jou ver van valse sake af.

(Eksodus 23:1, 7 AFR53)

In aansluiting by die negende gebod verbied die Here dan dat 'n mens leuens oor iemand sal versprei. En daarom verbied die Here ook 'n geskinder, want wat is 'n geskinder anders as 'n storiëtjie wat met elke oorvertelling 'n stertjie bykry wat myle ver van die waarheid af is, al het die geskinder met die waarheid begin.

Wanneer ons dan van mekaar praat, moet ons daarop bedag wees dat ons woorde van so 'n aard moet wees dat ons niks vals oor enigiemand sal sê nie. Valse woorde is nie net skadelik vir die een mens oor wie ons praat nie, maar is uiteindelik skadelik vir die hele gemeenskap. En die Here wil juis die gemeenskap waarin ons lewe beskerm sodat ons veilig en geborge kan wees.

As die Here dan met hierdie gebod valse woorde en 'n geskinder verbied, wil 'n mens nou weet wat gebied die Here ons met hierdie gebod. Daarvoor moet ons na die Nuwe Testament toe blaai. Luister hoe sê ons Here Jesus dit in Matteus 5:

Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose. (Matteus 5:33-37 AFR53)

Jesus beklemtoon dat sy dissipels – hulle wat Hom volg en in Hom glo – by die waarheid sal bly. Met hierdie onderrig spreek Hy 'n skerp woord teenoor die Fariseërs. Die Fariseërs het 'n menigvuldige klomp eedswerings gehandhaaf. Vir een saak sal jy byvoorbeeld by jou hoof sweer. Indien dit 'n ernstiger saak is, sal jy by die aarde sweer. En as dit 'n heel ernstige saak is, sal jy by die hemel sweer. Met hierdie baie verskillende maniere van eed sweer het die betekenis van 'n mens se woord alleen nie meer waarde gehad nie.

Maar met hierdie baie verskillende maniere om 'n eed te sweer het die Fariseërs skuiwergate gemaak. As jy dan sien dat jy nie jou belofte sal kan nakom nie, kan jy doodeenvoudig jouself verskoon deur net te sê dat jy nie gebind is aan jou eed nie, want jy het nie by die hemel gesweer nie. Dit is oor hierdie leuenagtige gesindheid van die Fariseërs en die mens in die algemeen dat Jesus sê:

Sweer hoegenaamd nie, maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee.

Hiermee het Jesus nie bedoel dat 'n mens nooit 'n eed mag sweer nie. Hy self het onder eed verklaar dat Hy die Christus is (Matt 26:63). Paulus het ook by tye 'n eed gesweer dat hy die waarheid skryf (Gal 1:20). Jesus leer ons egter dat ons nie die eed moet gebruik om ons leuen na die waarheid te laat lyk nie. Wanneer 'n mens 'n eed sweer, roep 'n mens immers God om as getuie in te staan dat jy die waarheid praat. As ek nou met 'n eed my leuen na die waarheid wil laat lyk, roep ek die Here om saam met my te lieg. God lieg nooit nie en Hy sal iemand wat sy Naam so ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie.

Die tweede ding wat Jesus ons leer, is om so te lewe dat mense nie sal twyfel of ek en jy die waarheid praat nie. Omdat ons daarop bedag is om altyd die waarheid te praat, weet die mense dat ons ja ja is en ons nee nee.

Jesus sê daar is net twee maniere van praat. 'n Mens se woorde getuig dat jy die heerskappy van die Here oor jou tong en jou hele lewe erken, daarom is jou ja ja en jou nee nee. **Wat meer as dit is, is uit die Bose.** Let op, *Bose* is met 'n hoofletter vertaal en verwys dus na die Satan self. Daarom, óf my woorde getuig dat ek onder die heerskappy van God lewe, óf my woorde getuig dat die Satan my lewe beïnvloed. Daar is nie 'n ander alternatief nie.

Wanneer ons dan van iemand praat, moet ek weet dat my woorde daarvan getuig dat ek my werklik aan die werk van die Heilige Gees in my onderwerp, soos wat ek getuig wanneer ek sê dat ek 'n Christen is, of my woorde gaan daarvan getuig dat die Satan eintlik in my aan die werk is en dat ek my aan hom onderwerp. Aangesien ons bely dat ons deur Jesus Christus verlos is, beteken dit mos dat die Heilige Gees in ons aan die werk is. Die Heilige Gees is onder andere besig om die beeld van God in elke verlore kind van die Here te herstel. En hoe meer die beeld van God in ons herstel word, hoe meer moet ons die karakter van Christus en sy Vader vertoon. En die karakter van die Vader en van Christus is waarheid. So noem God Homself en Jesus sê:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe. (Johannes 14:6 AFR53)

Die Heilige Gees laat ons in Christus bly, en Hy in ons. Daarom is die gevolg van Christus se inwoning in ons dat ook ons woorde daarvan sal getuig – ons praat dan die waarheid en ons is daarop ingestel om die naam van ons naaste te beskerm.

Gebeur dit dan dat ek of jy in 'n saak moet getuig, gebied die Here ons in hierdie gebod om eerlik die waarheid te praat. Ons getuienis moet openlik wees. Ons moenie iets wegsteek of verswyg nie. Ons moenie dat enige mens se status of persoonlikheid ons intimideer om die waarheid anders as reguit te vertel nie. Ons getuienis moet van so 'n aard wees dat niemand wonder oor wat ons nou eintlik gesê het nie.

In hierdie gebod praat die Here egter nie net met diegene wat die getuienis moet gee nie, maar ook met diegene wat die regspraak moet handhaaf. In Psalm 82 het die Here dit in besonder teen die regters. Die regters van daardie tyd en die regters van vandag is in daardie posisie omdat God hulle daarin aangestel het. En as regter voer hy 'n opdrag uit gelyk aan die werk wat God self doen, naamlik om reg te spreek. Daarom noem die Here self die regters *gode* en *seuns van die Allerhoogste* (Ps 82:6). Om hierdie rede dring die Here daarop aan dat hulle gedrag in ooreenstemming sal wees met hulle roeping. Hulle mag nie goed sleg noem, of sleg goed noem nie.

Maar min van ons sal seker in 'n hofsak moet te getuig. En daarom mag ons nie dink dat ons nou vry van hierdie gebod is nie. Wanneer ons in geselskap bymekaar is en oor mense begin praat wat nie teenwoordig is nie, moet ons uiters versigtig wees. Selfs in 'n gesprek waarin albei partye besorg is oor die welstand van iemand anders kan jy begin skinder en jy kom dit eers agter as die woorde uit jou mond gekom het. Jy sê miskien iets wat die ander persoon nie geweet het nie, en wat eintlik nog 'n heimlike sonde is. Dan het jy aanleiding gegee dat die ander een die persoon oor wie daar gepraat word onverhoed kan oordeel.

Want hoe tree ons gewoonlik op wanneer ons iets slegs van iemand anders hoor? In plaas daarvan dat ons bedroef raak oor die sonde wat in iemand anders se lewe aan die woed is, verlekker ons onself daarvoor. Ons vertel dit graag vir ander mense. Hoekom? Sodat ons in ons eie oë 'n bietjie beter kan vertoon as die een oor wie ons praat.

Mag die Heilige Gees ons egter hiervan bewaar. Mag Hy ons so in Christus inlyf en Christus se heerskappy so in ons lewens 'n werklikheid word dat ons van 'n geskinder en van leuens sal wegvlug omdat ons weet wat dit regtig is – die eie werke van die duivel self. Mag ons liefde vir Christus so in ons groei dat nie net ons woorde waarheid sal wees nie, maar dat ons gesindheid so met die waarheid deursuur sal word dat ons altyd eerste die voordeel en die behoud van ons naaste se goeie naam sal vooropstel.

Ons het aan die begin gesê dat ons almal struikel in wat ons sê. Niemand van ons is volmaak nie. Dit laat ons net nog meer besef hoe nodig ons die genade van Jesus Christus het. Omdat Hy altyd die waarheid gepraat het, is Hy onskuldig ter dood veroordeel sodat ek en jy wat die eintlike skuldiges is deur die geloof in Hom vrygespreek mag word. Mag hierdie genade ons dring om in die waarheid te bly. Mag die waarheid hoe langer hoe meer so deel van ons karakter word dat ander mense kan besef dat ons God inderdaad die God van waarheid is en dat Hy die leuen haat.

Amen!

Slotgebed

Psalm 63:3, 6 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aardeⁱⁿ nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.
- 6 Maar ek is in die HERE bly / met almal wat sy Naam bely;
ons roem, daar Hy die boosheid stuit / en streng die leuenmonde sluit.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Januarie 2014